SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 18 JULIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS. Echolinkgebruikers word uitgenooi om die bulletin op hul plaaslike herhalers te herlei.

Navrae oor hoe om Echolink te bekom en te gebruik of rapporte, kommentaar of voorstelle oor die Echolinkdiens sal waardeer word en kan per e-pos gestuur word aan zs6fcs@telkomsa.net.

In die nuus vandag:

SARL HF VELDDAG VOORLOPIGE UITSLAE

SARL HF-FOONKOMPETISIE

100 JAAR VAN DIE DIODE

HELP DIE SARL DIE GESKIEDENIS VAN RADIO OPSPOOR

LAASTE KANS OM TEEN VERLAAGDE TARIEF VIR AMSATCON2004 TE BESPREEK.

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

SARL HF VELDDAG VOORLOPIGE UITSLAE

Die Vaaldam moet HF-voortplanting beïnvloed! Die stasies wat eerste en tweede ge-eindig het, het hulle stasies vanaf die oewer van die dam bedien. Die voorlopige uitslae is as volg:

1ste Pieter en Tjaart ZS6XT/P4 4 704 punte; 2de Sasolburg ARK ZS4SRK/P 3 498 punte; 3de Kaapstad ARS ZS1CT/P 2 322 punte; 4de Zululand ARK ZS5ZLB/P 1 287,5 punte; 5de Wesrand ARK ZS6WR/P 813 punte; 6de Secunda ARK ZS6SRC/P 625 punte; 7de Bloemfontein RAK ZS4BFN/P 580 punte.

SARL HF-FOONKOMPETISIE

Die SARL HF-Foonkompetisie word op Sondag 01 Augustus vanaf 12:30 UTC tot 16:30 UTC gehou. Aktiwiteit sal op die 20, 40 en 80 meterbande geskied. Die kompetisiereëls sal met die volgende uitgawe van HF Happenings versend word.

RADIO ZS

Die Mei-Junie uitgawe van Radio ZS is op die SARL se webwerf by www.sarl.org.za beskikbaar vir aflaai. Die redakteur is op soek na materiaal vir die volgende uitgawe (Julie - September) wat 'n gedrukte uitgawe sal wees. Die redakteur het reeds artikels vanaf Rory, ZS2BL, Mike, ZS2FM, Eddie, ZS6BNE, Dennis ,ZS1AU, Clive, ZS6AVP, Bill, ZS6WK, Tony, ZS5GR, Marinus, ZS6MAW, Francois, ZS6BUU en Marv, W6FR, ontvang. Items kan gestuur word aan radiozs@sarl.org.za.

100 JAAR VAN DIE DIODE

Die voordrag deur Tony Voorvelt oor die 100 jaar van die diode wat op 21 Augustus by die SARL-hamfest gelewer sal word, gaan weer iets spesiaal wees. Tony, ZS6CCD, is bekend vir die besonderse manier van voordragte lewer waar hy van spesiale effekte en demonstrasies gebruik maak. Hy sal die vraag of die diodebuis slegs 100 jaar oud is nagaan. Het Flemming die konsep ontwikkel of het hy dit gebou op 'n patent van Thomas Edison of baie jare tevore?

Sluit by Tony aan by die SARL-hamfest by die Nasionale AmateurRadioSentrum op Saterdag 21 Augustus vir sy en baie ander interessante lesings en aktiwiteite.

Besoek die SARL se webwerf by www.sarl.org.za vir gereelde bywerking van die program. Om die "E-RADIO IN ACTION" Nuusbrief te bekom wat jou al die gereelde opdaterings in jou posbus sal bring, stuur 'n versoek aan RTA@sarl.org.za. In die onderwerplyn voer RTA Newsletter in. Vertel ons in die boodskapgedeelte van jou besondere belangstelling.

HELP DIE SARL DIE GESKIEDENIS VAN RADIO NASPEUR.

Op 15 Aggustus sal die volgende SARL-integnet die geskiedenis van radio in Suid-Afrika behandel. Het jy 'n storie om te vertel?
Soek asseblief deur jou rekords en ou tydskrifte in daardie doos in jou motorhuis of stoorkamer en kom deel die erfenis gedurende hierdie spesiale Integnet. Stuur 'n e-pos aan armi@sarl.org.za of 'n faks aan 012 991 5651 en ons sal met jou in aanraking kom om 'n voorafopname te maak en jou deelname in die program te bespreek.

LAASTE KANS OM TEEN VERLAAGDE TARIEF VIR AMSATCON2004 TE BESPREEK.

As jy 'n lid van SA AMSAT of die SARL is kan jy nog teen verlaagde ledetarief vir die SA AMSAT Satellietkonferensie wat volgende Saterdag 24 Julie by die

Universiteit van Kwazulu-Natal in Durban gehou word, inskryf. Vanaf 20 Julie gaan die registrasiefooi op.
Bespreek dus hierdie naweek vir slegs R50,00. Nie-lede betaal R100,00. Die program vir die konferensie bevat baie interessante voordragte wat satelliete en swakseinkommunikasie dek. Volledige besonderhede van die program en 'n registrasievorm kan gevind word by www.amsatsa.org.za of vra 'n kopie deur 'n e-pos te stuur aan saamsat@intekom.co.za. terwyl deur die SA AMSAT-webwerf blaai; laai gerus die nuutste uitgawe van SA AMSAT Ezine af. Jy sal 'n interessante artikel vind oor die ionosfeer en hoe om 'n batterylaaier te bou om die battery volledig gelaai hou wat al die satelliet- en ander amateurradiotoerusting van krag voorsien.

NUUS VAN DIE QSL-BURO

Die QSL-Buro vra dat lede moet sorg dat hulle genoeg A5-grootte self-geadresseerde koeverte met seëls by die buro het. Die seëls op die koeverte moet genoeg wees om 'n posstuk van ongeveer 200 gram te dek. Baie min lede het koeverte by die buro en die inkomende QSL-kaarte hoop op. Besorg jou koeverte so spoedig moontlik by die buro.

AFDELING 6 BHF/UHF-WERKGROEP

Die volgende vergadering van die Werkgroep vind op 14 Augustus om 10:00 SAT by Southern Kliprivierbergweg 384, Steeledale, Johannesburg in die Maxiprest-gebou plaas. Alle belangstellendes is welkom en veilige onderdakparkering is beskikbaar.

Vir meer inligting kontak Koos, ZS6JPY, by 082 461 2819.

HELP ASSEBLIEF

Vlad, UA9FAR, is op soek na Gerhard Everett, 5Z4FW, wat in 1994 vanaf Kenya aktief was. Vlad kan per e-pos by market@simos.ru gekontak word.

Kommentaar moet die SARL nie later as Sondag 25 Julie bereik nie.

CENTURION RADIOAMATEURKLUB SE JAARLIKSE INSAMELINGSPROJEK VIR SY VOORSITTERFONDS

Centurion Radioamateurklub het hul jaarlikse insamelingsprojek vir sy voorsittersfonds van stapel gestuur. Alle radioamateurs word genooi om deel daarvan te wees. Deur slegs 'n geringe donasie aan die klub se fondse te maak, stel dit jou in staat op 'n kans om 'n HF Sender/Ontvanger te wen. Ben, ZR6ATA, kan vir nadere besonderhede gekontak word by (012) 654-7249 of 083 398-0094 ek sê weer, by (012) 654-7249 of 083 398-0094.

VOORTPLANTINGSTOESTANDE

Kobus, ZS6KOB, het laat weet dat die persoon in Swede wat aan hom die inligting oor voortplantingstoestande voorsien ongelukkig tans met vakansie-volgende naweek ingesluit. Kobus is dus nie in staat om gedetaileerde inligting te voorsien nie.

Hier volg egter 'n verkorte weergawe van wat Sarlnuus uit die ARRL se nuusbrief verkry het:

Die wyse man van voortplanting Tad Cook, K7RA, van Seattle, Washington, rapporteer: Sonvlekgetalle en sonvloed het die afgelope week gestyg. Die gemiddelde sonvlekgetalle het met 54 punte bokant verlede week se gemiddelde gestyg. Sonvlek 649, 'n groot ene, het die week aan die son se oostekant verskyn. Helioseismiese holografie wys meer sonvlekke aan die anderkant van die son dus is die korttermyn tendens van sonaktiwiteit opwaarts.

Die groot nuus is 'n groot X-klas sonfakkel wat om 01:40 UTC op 15 Julie ontdek is. Indien 'n koronale uitwerping na die aarde op pad is, kan dit groot magnetiese storms beteken.

Sonvleksyfers vir 8 tot 14 Julie was 17, 32, 58, 98, 118, 129 en 149, met 'n gemiddelde van 85,9.

'n Nuwe artikel deur Carl Luetzelschwab, K9LA, "Voortplantingsbeplanning vir DX-pedisies," is nou beskikbaar op die voortplantingsblad van die ARRL se tegniese inligtingsdienswerf nl. http://www.arrl.org/tis/info/pdf/propplan.pdf.

DAGBOEK VAN GEBEURE EN HERINNERINGS

24 Julie: AMSATCON2004, Durban; 25 Julie: Laaste dag vir die instuur van u kommentaar oor die evalueringsvoorstelle vir 'n ZS-lisensie wat verlede week aangekondig is per e-pos aan secretary@sarl.org.za of per faks aan die SARL-kantoor by (011) 675 2793 of per pos aan Posbus 1721, STRUBEBSVALLEI, 1735. 1 Augustus: SARL HF-kompetisie; 7 Augustus: Magalies Radioamateurklub begin met RAE-kursus; 14 Augustus: Afd. 6 BHF/UHF Werkgroep vergader 21 Augustus: Radiotegnologie-in-Aksie en vlooimark by die NARS; 2 Oktober: Vlooimark by die Oos-Rand Radioklub; Betaal u SARL-lidmaatskapgeld; Maak 'n bydrae tot die fonds van die Suid-Afrikaanse Amateur Ontwikkelingstrust vir die SARL se IARU-lidmaatskap; Stuur artikels vir Radio ZS aan radiozs@sarl.org.za; Gesiggestremde amateurs kontak Dave, ZS1LDH, by 021-761-8386 of e- pos Dave, per adres die Kaapstad Amateurradiosentrum, na zs1ct@qsl.net indien u Radio ZS op band wil ontvang. Stuur SARL-geskiedenis per e-pos na zs6p@iafrica.com.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Gustav, ZS6BWN, en gelees deur ..... vanuit ..... as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat

so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX